THE SOUTH AFRICAN COUNCIL
for the
QUANTITY SURVEYING PROFESSION
DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD vir die BOUREKENAARSPROFESSIE

Established in terms of the Quantity Surveying Profession Act 2000 (Act 49 of 2000)
Ingestel ingevolge die Wet op die Bourekenaarsprofessie 2000 (Wet 49 van 2000)

Professionele Geldetarief 2005

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2005

INHOUDSOPGAWE

Klousule	Beskrywing	Bladsy
	VOORWOORD	(iii)
1.0	**ALGEMEEN**	1
2.0	**BOUWERK, INGENIEURSWERK, BESTUURSDIENSTE EN AANVULLENDE DIENSTE**	1
2.1	Algemeen	1
2.2	Basiese gelde	2
2.3	Toepaslike persentasie vir bouwerk	2
2.4	Toepaslike persentasie vir ingenieurswerk	3
2.5	Toepaslike persentasie vir bestuursdienste	3
2.6	Toepaslike persentasie vir aanvullende dienste	4
2.7	Toedeling van gelde aan dienste	4
2.8	Gelde vir konsortiumverteenwoordiger en toedeling	5
3.0	**BEKOSTIGBARE BEHUISING**	5
3.1	Algemeen	5
3.2	Basiese gelde	5
3.3	Toepaslike persentasie	5
3.4	Materiaalbronhantering en -beheer	6
4.0	**WERK OP RISIKO**	7
5.0	**OORMATIGE WYSIGING**	7
6.0	**AANSTELLINGS BEËINDIG**	7
7.0	**BUITENGEWONE KONTRAKBEPALINGS**	8
8.0	**TYDVORDERING**	8
9.0	**VERHAALBARE UITGAWES EN REISKOSTES**	10
10.0	**BETALING**	10
11.0	**OMSKRYWINGS EN VERTOLKING**	10
11.1	Bekostigbare behuising	10
11.2	Verbouingswerk	10
11.3	Toepaslike persentasie	10
11.4	Basiese gelde	11
11.5	Hoeveelheidslyste	11
11.6	Bouershoeveelhede	11
11.7	Bouwerk	11
11.8	Siviele ingenieurswerk: Kategorie I	11
11.9	Siviele ingenieurswerk: Kategorie II	11
11.10	Siviele ingenieurswerk inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk	11
11.11	Konsortiumverteenwoordiger	11
11.12	Konstruksiebestuur	11
11.13	Kostenorme	12
11.14	Koste-plus	12
11.15	Verhaalbare uitgawes	12
11.16	Elektriese ingenieurswerk	12
11.17	Elektriese installasies inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk	12
11.18	Ingenieurswerkhoeveelheidslyste	12
11.19	Gelde	13
11.20	Finansiële gangbaarheidstudies	13
11.21	Bruto jaarlikse vergoeding	13
11.22	Lokaliteitsverwysende hoeveelheidslyste	13
11.23	Gemete werk	13
11.24	Meganiese ingenieurswerk	13
11.25	Meganiese en elektriese installasies inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk	13
11.26	Veelvuldige verkrygingskontrakte	14
11.27	Betalingswaardasies	14
11.28	Prestasiegrondslaghoeveelheidslyste	14
11.29	Prosesingenieurswerk	14
11.30	Projekadministrasie	14
11.31	Projekbestuur	15

11.32 Projekmonitering 15
11.33 Gehalte-inspeksie 16
11.34 Opknappingswerk 16
11.35 Herhaling 16
11.36 Diens A 16
11.37 Diens B 17
11.38 Diens C 17
11.39 Diens D 17
11.40 Werk op risiko 18
11.41 Vereenvoudigde hoeveelheidslyste 18
11.42 Teikenverkryging 18
11.43 Huurdersvereistes 18
11.44 Waarde vir geldeberekeningsdoeleindes 18
11.45 Waardebestuur 19
11.46 BTW 19

VOORWOORD

'n Bourekenaar is 'n persoon wat ooreenkomstig die bepalings onder artikel 18 van die Wet op Bourekenaarsprofessie (Wet 49 van 2000) as 'n bourekenaar geregistreer is

Die Professionele Geldetarief 2005 is goedgekeur vir gebruik in die Staatsdiens (gepubliseer in Staatskoerant Nr. 27018 van 3 Desember 2004)

Hierdie Professionele Geldetarief sit die gelde uiteen wat aanbeveel word ten opsigte van dienste wat deur 'n bourekenaar in privaatpraktyk gelewer word, welke gelde deur Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bourekenaarsprofessie goedgekeur is.

Die basiese gelde soos in 2.1 van hierdie geldetarief uiteengesit is, onder andere, op die volgende beginsels gebaseer:

- BTW is vir doeleindes van die berekening van gelde by die finale waarde van die kontrak uitgesluit
- Die waarde van enige meganiese en elektriese installasies en siviele ingenieurswerk inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk ten opsigte waarvan daar van die bourekenaar vereis word om slegs 'n mindere diens (waarvoor tydgelde toepaslik is) of geen diens te verrig nie, is vir doeleindes van die berekening van gelde by die waarde van die kontrak uitgesluit

Belangrik

Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bourekenaarsprofessie aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade voortspruitend uit die gebruik van hierdie Professionele Geldetarief nie

Die Engelse teks van hierdie Professionele Geldetarief is die oorspronklike regsgeldige weergawe

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2005

ISBN Nr. 1-919921-02-8

PROFESSIONELE GELDETARIEF TEN OPSIGTE VAN DIENSTE WAT DEUR 'N BOUREKENAAR IN PRIVAATPRAKTYK GELEWER WORD

1.0 ALGEMEEN

1.1 Waar woorde en sinsnedes in swaardruk in die teks van hierdie Professionele Geldetarief verskyn, moet die betekenis wat in 11.0 daaraan toegewys is daaraan geheg word en waar sodanige woorde en sinsnedes nie in swaardruk verskyn nie, moet die betekenis wat uit die samehang blyk daaraan geheg word

1.2 Alle gelde en vorderings in hierdie Professionele Geldetarief uiteengesit sluit **BTW** uit

1.3 Elke kategorie (klousule 2.3 tot 2.6) moet die proporsionele waarde van voorbereidsels en die proporsionele bedrag van aanpassing ingevolge enige toepaslike kontrakprysaanpassingsbepaling insluit, afgesien daarvan of sodanige waarde of aanpassing van toepassing op enige kategorie is al dan nie

2.0 BOUWERK, INGENIEURSWERK, BESTUURSDIENSTE EN AANVULLENDE DIENSTE

2.1 **Algemeen**

Die **gelde** is die **basiese gelde** (klousule 2.2) vermenigvuldig met die **toepaslike persentasie** (klousule 2.3 tot 2.6) en word toegedeel soos in die toedeling van gelde aan dienste uiteengesit (klousule 2.7), met dien verstande dat:

2.1.1 Die **basiese gelde** in die geval van bouwerk en ingenieurswerk op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** bereken word en in die geval van bestuurs- en aanvullende dienste op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** maar sonder toepassing van die uitsluitings ingevolge 11.44.10

2.1.2 Waar 'n enkele kontrak kategorieë van werk behels wat deur meer as een **toepaslike persentasie** gedek word, die **basiese gelde** aan elk van sodanige kategorieë van werk toegedeel word alvorens die onderskeie toedelings met die voorgeskrewe **toepaslike persentasie** vermenigvuldig word

2.1.3 Waar, ten opsigte van **herhaling**, kleinere verskille en werk voorlopig gemeet afsonderlik in die finale rekening verstel word, moet die waarde van **gemete werk** van beide weglatings en byvoegings ten opsigte van sodanige aanpassings by die waarde van nie-herhalende werk vir doeleindes van berekening van **gelde** gevoeg word

2.2 **Basiese gelde**

Waarde vir geldeberekenings-doeleindes	**Basiese gelde**	
	Primêre vordering	Marginale koers
1	2	3
Tot en met R 250 000	R 1 430	8,25 % op die balans bo R 0
R 250 000 – R 500 000	R 22 055	5,83 % op die balans bo R 250 000
R 500 000 – R 1 000 000	R 36 630	5,17 % op die balans bo R 500 000
R 1 000 000 – R 2 000 000	R 62 480	5,06 % op die balans bo R 1 000 000
R 2 000 000 – R 4 000 000	R 113 080	4,95 % op die balans bo R 2 000 000
R 4 000 000 – R 8 000 000	R 212 000	4,40 % op die balans bo R 4 000 000
R 8 000 000 – R 16 000 000	R 388 000	4,15 % op die balans bo R 8 000 000
R 16 000 000 – R 32 000 000	R 720 000	3,69 % op die balans bo R 16 000 000
R 32 000 000 – R 64 000 000	R1 310 000	3,44 % op die balans bo R 32 000 000
R 64 000 000 – R128 000 000	R2 410 000	3,38 % op die balans bo R 64 000 000
R128 000 000 – R256 000 000	R4 570 000	2,87 % op die balans bo R128 000 000
R256 000 000 en meer	R8 245 000	2,64 % op die balans bo R256 000 000

2.3 **Toepaslike persentasie vir bouwerk**

Nota: Uitsluitings ingevolge 11.44.10 is van toepassing vir die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes**

Kategorie	**Toepaslike persentasie**						
	Kontrakte met **hoeveelheidslyste** *	Kontrakte met **vereenvoudigde-hoeveelheidslyste** *	Kontrakte met **prestasiegrondslaghoeveelheidslyste** *	Kontrakte sonder hoeveelheidslyste	**Bouershoeveelhede**	**Betalingswaardasies**	**Kosteplus**-kontrakte
1	2	3	4	5	6	7	8
Verbouingswerk	125	100	100	65	25	15	70
Bouwerk	100	75	70	65	20	15	70
Opknappingswerk	160	150	150	65	50	15	70
Herhaling:							
Prototipes en ander nie-herhalingswerk	Pas betrokke **toepaslike persentasie** toe						nvt
Eerste herhaling van prototipe	70 % van betrokke **toepaslike persentasie**						nvt
Volgende vyf herhalings van prototipe	50 % van betrokke **toepaslike persentasie**						nvt
Oorblywende herhalings van prototipe	40 % van betrokke **toepaslike persentasie**						nvt
Veelvuldige verkrygingskontrakte	Vermeerder die gelde met 10 %				nvt	nvt	nvt

*Sluit kontrakte met voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe in

2.4 **Toepaslike persentasie vir ingenieurswerk**

Nota: Uitsluitings ingevolge 11.44.9 is van toepassing vir die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes**

Kategorie	**Toepaslike persentasie**			
	Kontrakte met **ingenieurs-werkhoeveel-heidslyste***	Kontrakte sonder hoeveel-heidslyste	**Betalings-waardasies**	**Koste-plus**-kontrakte
1	2	3	4	5
Siviele ingenieurswerk: Kategorie I	55	45	15	55
Siviele ingenieurswerk: Kategorie II	70	45	15	55
Elektriese ingenieurswerk	65	45	15	55
Meganiese ingenieurswerk	65	45	15	55
Prosesingenieurswerk:				
Met gebruikmaking van gedetail-leerde isometriese tekeninge	55	45	15	55
Met gebruikmaking van algemene uitlegtekeninge	100	45	15	55
Herhaling:				
Prototipes en ander nie-herhalingswerk	Pas betrokke **toepaslike persentasie** toe			nvt
Eerste herhaling van prototipe	70 % van betrokke **toepaslike persentasie**			nvt
Volgende vyf herhalings van prototipe	50 % van betrokke **toepaslike persentasie**			nvt
Oorblywende herhalings van prototipe	40 % van betrokke **toepaslike persentasie**			nvt

*Sluit kontrakte met voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe in

2.5 **Toepaslike persentasie vir bestuursdienste**

Nota: Uitsluitings ingevolge 11.44.10 is nie van toepassing vir die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** nie

Kategorie	**Toepaslike persentasie**	
	Bouwerk	Ingenieurswerk
1	2	3
Konstruksiebestuur	140	120
Projekadministrasie	30	27,5
Projekbestuur:		
Projekadministrasie ingesluit	60	55
Projekadministrasie uitgesluit	55	50
Projekmonitering	25	22,5
Gehalte-inspeksie	15	15

2.6 **Toepaslike persentasie vir aanvullende dienste**

Nota: Uitsluitings ingevolge 11.44.10 is nie van toepassing vir die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** nie

Kategorie	**Toepaslike persentasie**
1	2
Kostenorme	7
Lokaliteitsverwysende hoeveelheidslyste	Onderhandel
Skedule van materiale vir **bouwerk** waarvoor die bourekenaar nie hoeveelheidslyste opgestel het nie	120 (op die totale waarde van sodanige materiale bereken)
Teikenverkryging	7
Waardasies vir belastingaanslag, brandskadeversekering, onteiening, huuropbrengs en soortgelyke doeleindes gebaseer op:	Tydvordering waar waarde minder as R2 000 000 is
Tarief per oppervlakeenheidmetode met geskikte tekeninge	1,00
Tarief per oppervlakeenheidmetode met opmetings op perseel	1,75
Elementale metode met geskikte tekeninge	2,00
Elementale metode met opmetings op perseel	3,50

2.7 **Toedeling van gelde aan dienste**

Kategorie	Persentasie van **gelde**			
	Diens A Beraming en koste-advies- of ekwivalente stadium	**Diens B** Dokumentasie en verkryging- of ekwivalente stadium	**Diens C** Kontrak-administrasie of ekwivalente stadium	**Diens D** Finale rekening of ekwivalente stadium
1	2	3	4	5
Hoeveelheidslys- en **ingenieurswerk-hoeveelheidslys**kontrakte:				
Voorlopige hoeveelheidslyste	10	20	47,5	22,5
Hoeveelheidslyste	10	37,5	37,5	15
Skedule van tariewe	10	12,5	55	22,5
Bouershoeveelhede	nvt	100	nvt	nvt
Konstruksiebestuur	5	10	75	10
Kontrakte sonder hoeveelheidslyste	15	20	55	10
Kostenorme	40	20	30	10
Koste-plus-kontrakte	15	10	67,5	7,5
Betalingswaardasies	nvt	nvt	100	nvt
Prestasiegrondslaghoeveelheidslys-kontrakte:				
Voorlopige hoeveelheidslyste	12,5	17,5	50	20
Hoeveelheidslyste	12,5	30	45	12,5
Skedule van tariewe	12,5	12,5	55	20
Projekadministrasie	5	20	55	20
Projekbestuur	15	15	55	15
Projekmonitering	10	15	60	15
Gehalte-inspeksie	nvt	nvt	80	20
Herhaling van prototipe	5	10	60	25
Skedule van materiale	nvt	100	nvt	nvt
Vereenvoudigde hoeveelheidslys-kontrakte:				
Voorlopige hoeveelheidslyste	12,5	17,5	50	20
Hoeveelheidslyste	12,5	30	45	12,5
Skedule van tariewe	12,5	12,5	55	20
Teikenverkryging	nvt	20	60	20
Veelvuldige verkrygingskontrakte (voorrang bo alle ander kategorietoedelings)	10	15	55	20

2.8 **Gelde vir konsortiumverteenwoordiger en toedeling**

2.8.1 Die gelde vir die **konsortiumverteenwoordiger** is 10 persent, wat nie bykomend nie maar daardie gedeelte is van die **gelde**, vir dienste deur 'n konsortium van bourekenaars gelewer, wat die **konsortiumverteenwoordiger** toekom

2.8.2 Die toedeling van die **gelde** aan dienste is soos in 2.7 vir die toepaslike kategorie uiteengesit

3.0 BEKOSTIGBARE BEHUISING

3.1 **Algemeen**

3.1.1 Die **gelde** is die **basiese gelde** (klousule 3.2) vermenigvuldig met die **toepaslike persentasie** (klousule 3.3) met die **basiese gelde** op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** bereken, maar met uitsluitings ingevolge 11.44.10 nie van toepassing nie

3.1.2 Die **gelde** vir nie-herhalende terreinwerk moet afsonderlik bereken word in ooreenstemming met 2.0

3.1.3 Tydvordering sal van toepassing wees op dienste gelewer ten opsigte van die volgende:

- Vereistes van individuele eienaars of huurders
- Opstelling van verkrygingsdokumentasie vir sleutelklaarprojekte en die evaluasie daarvan

3.2 **Basiese gelde**

Primêre vordering	Vordering vir prototipes	Vordering vir **herhaling**
1	2	3
R32 500	R4 500 plus 5 % van die totaal vir alle prototipes in die **waarde vir geldberekeningsdoeleindes** ingesluit	0,3 % van die totaal vir alle **herhaling** in die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** ingesluit

3.3 **Toepaslike persentasie**

Nota: Uitsluitings ingevolge 11.44.10 is nie van toepassing vir die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** nie

Kategorie	Toepaslike persentasie	
	Kontrakte met **vereenvoudigde hoeveelheidslyste**	Kontrakte sonder hoeveelheidslyste
1	2	3
Kosteberaming van bouwerk	7,5	7,5
Kontantvloeibegrotings vir konstruksie	2,5	2,5
Finansiële ontwerpnorme-advies	5	5
Opstelling van verkrygingsdokumentasie	27,5	12,5
Opstelling van skedule van tariewe	nvt	10
Aanvra van tenders en evaluasie daarvan	5	5
Kostebestuur en verslaglewering	15	15
Opstelling van waardasies vir betalingsertifikate	30	35
Skikking van kontraktuele en finansiële geskille	Tydvordering	Tydvordering
Opstelling en afhandeling van finale rekening	15	10
Gehalte-inspeksie	45	45
Projekadministrasie	30	30
Projekbestuur:		
Projekadministrasie ingesluit	60	60
Projekadministrasie uitgesluit	55	55
Projekmonitering	25	25
Tydsbestuur	25	25
Konstruksiebestuur	100	100
Kliënt- en konsultantkoördinering	20	20
Bystand met die daarstelling van kreatiewe finansieringskemas	Tydvordering	Tydvordering

3.4 **Materiaalbronhantering en -beheer**

3.4.1 Die **gelde** ten opsigte van materiaalbronhantering en -beheer, welke **gelde** die koste van bergingsinfrastruktuur, sekuriteit en versekering uitsluit, moet op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** bereken word (d w s nie op die waarde van slegs die materiale nie) met uitsluitings ingevolge 11.44.10 nie van toepassing nie, soos volg:

Waarde vir geldeberekenings-doeleindes			**Basiese gelde**	
			Primêre vordering	Marginale koers
1			2	3
Tot en met		R 1 000 000	R 50 000	0,00 % op die balans bo R 0
R 1 000 000	–	R 2 000 000	R 50 000	4,25 % op die balans bo R 1 000 000
R 2 000 000	–	R 4 000 000	R 92 500	3,50 % op die balans bo R 2 000 000
R 4 000 000	–	R 8 000 000	R 162 500	2,75 % op die balans bo R 4 000 000
R 8 000 000	–	R 16 000 000	R 272 500	1,75 % op die balans bo R 8 000 000
R 16 000 000	–	R 32 000 000	R 412 500	1,10 % op die balans bo R 16 000 000
R 32 000 000	–	R 64 000 000	R 588 500	0,90 % op die balans bo R 32 000 000
R 64 000 000	–	R128 000 000	R 876 500	0,80 % op die balans bo R 64 000 000
R128 000 000	–	R256 000 000	R1 388 500	0,70 % op die balans bo R128 000 000
R256 000 000	en meer		R2 284 500	0,60 % op die balans bo R256 000 000

3.4.2 Die koste van die bergingsinfrastruktuur, sekuriteit en versekering moet afsonderlik, soos met die kliënt gereël, hanteer word

4.0 WERK OP RISIKO

Waar **werk op risiko** gelewer word en daar binne 'n tydperk van twee jaar na voltooiing van sodanige **werk op risiko** met die projek voortgegaan word, moet die bourekenaar óf aangestel word op sodanige projek vir dienste in die betrokke kategorie van kolom 1 van 2.3, 2.4 of 2.5 waarin die **werk op risiko** gelewer was teen **gelde** in ooreenstemming met kolom 2 van 2.3 en 2.4 of kolom 2 of 3 van 2.5 na gelang die geval, of indien hy nie op sodanige projek op sodanige grondslag aangestel word nie, sal hy, sonder lewering van enige verdere dienste, geregtig wees op vordering van **gelde** van 20 persent van die voormelde **gelde**

5.0 OORMATIGE WYSIGING

5.1 Indien 'n kontrak wat hoeveelheidslyste behels tot so 'n mate gewysig word dat die totale waarde van **gemete werk** wat weggelaat is met die verstelling van wysigings 10 persent van die waarde van **gemete werk** in die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** oorskry, word bykomende gelde van 50 persent van die marginale koers van toepassing op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** op sodanige oorskryding gevorder

5.2 Indien 'n kontrak wat voorlopige hoeveelheidslyste behels tot so 'n mate gewysig word dat 'n afsonderlik-identifiseerbare gedeelte daarvan wat oorspronklik in die dokumentasie ingesluit is agterna weggelaat word, word bykomende gelde van 30 persent van die marginale koers van toepassing op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** gevorder op die beraamde waarde van sodanige werk wat weggelaat is

5.3 Indien die werklike konstruksietydperk, na aftrekking van enige verlenging van tyd toegestaan vir bykomende werk en na aftrekking van enige tydperk(e) van meer as 28 dae waartydens die perseel geabandonneer was, meer is as 15 persent van die aanvanklike kontraktuele konstruksietydperk, word bykomende gelde gevorder wat bereken word deur die **gelde** vir **Diens C** met die gemelde oorskrydingsgedeelte te vermenigvuldig en dit met die aanvanklike kontraktuele konstruksietydperk te deel

Die aanvanklike kontraktuele en die werklike konstruksietydperk moet geneem word as synde op dieselfde dag 'n aanvang geneem en alle tydperke moet in kalenderdae bereken word sonder enige aftrekking vir bouersvakansies. Die perseel sal as geabandonneer beskou word indien geen of baie min werk deur die aannemer gedurende sodanige tydperk(e) verrig was en daar geen diens gedurende daardie tydperk van die bourekenaar vereis was nie

6.0 AANSTELLINGS BEËINDIG

6.1 Indien 'n aanstelling beëindig word, word **gelde** vir dienste voltooi ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief bereken en die **gelde** vir dienste gedeeltelik voltooi word *pro rata* tot die voltooide diens bepaal

6.2 Indien ’n aanstelling na die aanvang van **Diens B** beëindig word, word benewens die **gelde** wat ooreenkomstig 6.1 bereken is, ’n heffing van 10 persent gevorder op die verskil tussen die volle **gelde** ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief vir die aanstelling bereken en die **gelde** ooreenkomstig 6.1 bereken, met dien verstande dat, waar ’n aanstelling binne een jaar vanaf die datum van beëindiging heringestel of hervat word, sodanige heffing as gedeeltelike betaling van die **gelde** ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief bereken, beskou sal word

6.3 Vir doeleindes van 6.1 en 6.2 sal ’n aanstelling geag beëindig te wees indien die dienste uitgestel of opgeskort word vir ’n totale tydperk van meer as 180 kalenderdae

7.0 BUITENGEWONE KONTRAKBEPALINGS

Indien buitengewone kontrakbepalings vereis word (soos byvoorbeeld veelvuldige direkte betalings aan onderaannemers en/of verskaffers of as meer as een betalingsertifikaat per maand uitgereik moet word) wat bykomende werk vir die bourekenaar mag veroorsaak en wat nie elders in hierdie Professionele Geldetarief gedek is nie, moet tydvordering vir sodanige bykomende werk toegepas word

8.0 TYDVORDERING

8.1 Waar die werk van so ’n aard is dat ander bepalings van hierdie Professionele Geldetarief nie van toepassing is nie, moet die **gelde** volgens tydvorderingsgrondslag gehef word teen die volgende tariewe per uur of gedeelte daarvan:

8.1.1 Hoofde: teen tariewe wat van tyd tot tyd deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars vasgestel word volgens die volgende kategorieë:

- hoogstens 5 jaar ondervinding
- meer as 5 jaar en hoogstens 10 jaar ondervinding
- meer as 10 jaar ondervinding
- spesialiswerk

“Ondervinding” neem ’n aanvang op ’n datum drie jaar voor die datum van registrasie as ‘n bourekenaar by die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars

“Spesialiswerk”, buiten deskundige getuie, bemiddelaar en arbiter of skeidsregter, is werk gelewer deur ’n bourekenaar wat oor meer as 10 jaar ondervinding asook spesialiskennis en kundigheid in die konstruksiebedryf beskik

8.1.2 Gesalarieerde personeel: 17 sent vir elke R100,00 van die **bruto jaarlikse vergoeding** soos van toepassing op die tydstip van dienslewering

8.2 Nieteenstaande 8.1 moet die volgende tydvordering vir dienste hieronder gelys, gehef word:

Kategorie	Persentasie van tydvordering*
1	2
Finansiële gangbaarheidstudies	100
Huurdersvereistes	100
Waardebestuur	125
Verstek deur enige van die partye tot 'n boukontrak	100
Geskille, litigasie of bemiddeling (hulpverlening met die beslegting van geskille, bywoning van vergaderings en bywoning van hofverrigtinge)	100
Deskundige getuie (voorbereiding, bywoning van vergaderings en bywoning van hofverrigtinge)	110 (minimum van drie uur)
Bemiddelaar (tyd bestee aan vasstelling van werkwyse met die partye, bywoning van die bemiddelingsverhoor, bestudering van getuienis en formulering en bekendmaking van die mening)	125 (minimum van drie uur)
Arbiter of skeidsregter (tyd bestee aan vasstelling van werkwyse met die partye, bywoning van die arbitrasiehof-verrigtinge, bestudering van getuienis en formulering en bekendmaking van die toekenning)	125 (minimum van drie uur)

* Die tydvordering sal desnieteenstaande nie die tydvordering vir spesialiswerk, soos ooreenkomstig 8.1.1 bepaal, oorskry nie

8.3 Nieteenstaande die bepalings van 8.1 en 8.2, sal die tydvordering van nasionale en provinsiale staatsdepartemente teen die volgende tariewe per uur wees:

8.3.1 Hoofde: 19,5 sent vir elke R100,00 van die jaarlikse salaris (hoogste kerf) verbonde aan 'n Direkteur se gradering in die Staatsdiens

8.3.2 Geregistreerde professionele personeel: 17,5 sent vir elke R100,00 van die jaarlikse salaris (hoogste kerf) verbonde aan 'n Direkteur se gradering in die Staatsdiens

8.3.3 Gesalarieerde professionele en tegniese personeel: 15 sent vir elke R100,00 van **bruto jaarlikse vergoeding**; met dien verstande dat hierdie uurtarief nie 15 sent vir elke R100,00 van die jaarlikse salaris (hoogste kerf) verbonde aan 'n Direkteur se gradering in die Staatsdiens sal oorskry nie

8.3.4 Uurtariewe wat ingevolge 8.3 bereken is, sal geag bokoste en vorderings ten opsigte van klerklike personeel in te sluit, wat derhalwe nie apart vorderbaar sal wees nie

8.3.5 Tensy spesifiek andersins op skrif ooreengekom sal vergoeding ingevolge 8.3.1 vir tyd deur hoofde aan 'n projek bestee, beperk wees tot 5 persent van die totale tyd aan die projek bestee. Enige oorskryding van die voormelde 5 persent beperking moet teen die tariewe in 8.3.2 en 8.3.3 bepaal, vergoed word

9.0 VERHAALBARE UITGAWES EN REISKOSTES

9.1 Vir **verhaalbare uitgawes** noodsaaklikerwys aangegaan en vir redelike reis- en verblyfkoste word, benewens die **gelde** betaalbaar ingevolge enige ander bepaling van hierdie Professionele Geldetarief, bykomende betaling gevorder

9.2 Waar betaling op tydvorderingsgrondslag geskied, word reistyd ten volle teen die tydvorderingstarief in 8.0 bepaal, gevorder

9.3 Waar betaling anders as op tydvorderingsgrondslag geskied en die kontrakperseel verder as 100 km van die bourekenaar se praktykperseel geleë is, word reistyd teen die tydvorderingstarief soos in 8.0 bepaal, gevorder, met dien verstande dat twee uur van die tyd van elke retoerrit van die berekening uitgesluit word

10.0 BETALING

10.1 Die bourekenaar is geregtig, by voorlegging van 'n rekening, op gereelde maandelikse betaling van **gelde** of gedeeltelike **gelde** en vergoeding vir **verhaalbare uitgawes** en reiskoste

10.2 Nieteenstaande die bepalings van 10.1, sal gereelde betalings in die geval van nasionale en provinsiale staatsdepartemente nie meer dikwels as kwartaalliks wees nie

10.3 Nieteenstaande die bepalings van 10.1 en 10.2, sal die bourekenaar slegs geregtig wees op betaling vir **Diens A** of **Diens B** (of ekwivalente stadiums) by voltooiing van óf **Diens A** óf **Diens B**, na gelang die geval, maar met tussentydse betalings vir enige van voormelde dienste indien sodanige diens vir meer as 30 kalenderdae vertraag sou word deur omstandighede buite die beheer van die bourekenaar. **Diens B** sal geag word voltooi te wees afgesien daarvan of die dokumente vir die verkryging van onderkontrakte voltooi is al dan nie

10.4 Die bourekenaar is geregtig om rente van sy kliënt te vorder op alle korrekte en vorderbare rekeninge wat nie binne 30 dae na indiening vereffen is nie en wel teen 'n koers van een-tiende (1/10) hoër as die rentekoers wat van tyd tot tyd van toepassing is op alle prima geldopnemers van die bank waar die bourekenaar sy bankrekening hou

11.0 OMSKRYWINGS EN VERTOLKING

11.1 **"BEKOSTIGBARE BEHUISING"** beteken enkelwooneenhede met 'n eenvoudige ontwerp en matige spesifikasie wat nie 100 m^2 in konstruksie-oppervlakte oorskry nie

11.2 **"VERBOUINGSWERK"** beteken werk wat ooreenkomstig die bepalings van "Verbouings" in die Standaardstelsel vir die Opname van Bouwerk, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, gedokumenteer is of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke omvattende stelsel vir die opname van bouwerk en sluit nuwe werk aan bestaande strukture in maar sluit **opknappingswerk** uit

11.3 **"TOEPASLIKE PERSENTASIE"** beteken die toepaslike persentasie in 2.3 tot 2.6 of 3.3 uiteengesit, na gelang die geval

11.4 **"BASIESE GELDE"** beteken die somtotaal van die gelde in kolomme 2 en 3 van 2.2 of kolomme 1, 2 en 3 van 3.2 uiteengesit, na gelang die geval

11.5 **"HOEVEELHEIDSLYSTE"** beteken hoeveelheidslyste, voorlopige hoeveelheidslyste of skedules van tariewe wat ooreenkomstig die Standaardstelsel vir die Opname van Bouwerk, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, gedokumenteer is of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke omvattende stelsel vir die opname van bouwerk

11.6 **"BOUERSHOEVEELHEDE"** beteken hoeveelheidslyste, voorlopige hoeveelheidslyste of skedules van tariewe wat ooreenkomstig die Handleiding vir Opname van Bouershoeveelhede, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, gedokumenteer is of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke handleiding vir die opname van bouershoeveelhede

11.7 **"BOUWERK"** beteken bouwerk insluitende meganiese en elektriese installasies in geboue

11.8 **"SIVIELE INGENIEURSWERK: KATEGORIE I"** beteken skagte, tonnels, lughaweaanloopbane en -laaiblaaie, paaie, treinspoorlyne, sportterreine, grondwerk, grondamme en baggerwerk

11.9 **"SIVIELE INGENIEURSWERK: KATEGORIE II"** beteken fondamentpale, hawehoofde en -kaaie, brûe en brugaansluitings, duikers, koeltorings en ander torings, reservoirs, caissons, kanale, waterleidings, riole, pyplyne, elektriese hoofleidings, opgaar- en behandelingstenks, strukturele staalwerk, graansuiers, silos en strukture vir die huisvesting van of voetstukke vir swaar nywerheids- en openbare nutswerktuig, masjiene en toerusting soos bakoonde en walsmeule vir staalwerke, ketelhuise, reaktor- en turbinevoetstukke en turbinesale vir elektriese kragstasies en ontrekkings- en prosesaanlegte

11.10 **"SIVIELE INGENIEURSWERK INBEGREPE BY EN ONDERGESKIK AAN BOUWERK"** word tot die volgende beperk:

11.10.1 Hoofnetwerke (stormwater, riool en water) buite die bepaalde gebied van die bouperseel

11.10.2 Reservoirs

11.10.3 Paaie

11.10.4 Watertorings

11.11 **"KONSORTIUMVERTEENWOORDIGER"** beteken die praktyk/persoon sodanig deur die kliënt of die konsortium benoem. Die konsortiumverteenwoordiger moet sodanige leierskapfunksies uitvoer soos die konsortium van tyd tot tyd mag ooreenkom, asook beheer uitoefen en as koördineerder optree, met die kliënte en ander konsultante skakel, alle instruksies ontvang, rekeninge lewer, betaling ontvang en toesien dat betaling aan die konsortium geskied

11.12 **"KONSTRUKSIEBESTUUR"** beteken die bestuur van die konstruksie van die werke wat uitgevoer word by wyse van veelvuldige direkte kontrakte vanaf aanvang tot by voltooiing, maar sonder aanvaarding van die aanspreeklikheid vir die kontraktuele risiko's wat met die rol van 'n aannemer geassosieer word

Konstruksiebestuur sluit, onder andere, die volgende in:

11.12.1 Skakel met konsultante soos nodig om die omvang van die werk, wat by die direkte kontrakte inbegrepe is, te bepaal

11.12.2 Koördineer en integreer die konstruksieprogramme van die verskillende direkte kontrakte in 'n inklusiewe konstruksieprogram en sien toe dat verkryging van direkte kontrakte tydig geskied

11.12.3 Koördineer die uitvoering van die konstruksieprosesse ten einde te verseker dat die inklusiewe konstruksieprogram gehandhaaf word

11.12.4 Reël vir, monitor die uitvoering van die konstruksieprosesse en sien toe dat daar aan die spesifikasie voldoen word

11.12.5 Sien toe dat al die nodige inspeksies uitgevoer word

11.12.6 Reël vir en monitor die herstel van gebrekkige werk met inbegrip van dié wat gedurende die kontraktuele tydperk van aanspreeklikheid vir gebreke onstaan

11.13 **"KOSTENORME"** beteken kostenorme deur die Tesouriekomitee van Bounorme en Kosteperke voorgeskryf en dit word geïmpliseer dat die bourekenaar vanaf die aanvanklike behoeftebepaling en tydens die onderskeie dienste, soos in 11.36 tot 11.39 omskryf, betrokke is by en verslag doen aangaande die berekening van ruimte- en kosteperke vanaf gegewe akkommodasielyste, monitering en aanpassing van die koste teenoor 'n elementale kosteplan soos nodig om dit binne die voorgeskrewe perke te hou en by voltooiing van die kontrak rekonsiliasiestate ter bevestiging van voldoening aan die voorgeskrewe ruimteperke (inligting deur ander verstrek) en kosteperke voorlê

11.14 **"KOSTE-PLUS"** beteken **bouwerk** of ingenieurswerk wat uitgevoer word op die grondslag dat die aannemer bestuursgelde betaal word om bokoste en wins te dek en dat sy kostes ten opsigte van arbeid, materiaal en werktuig deur die bouheer vergoed word. Die bourekenaar moet die aannemer se eise vir arbeid, materiaal en werktuig in genoegsame detail nagaan om redelike versekering te verkry dat die eise in terme van die kontrak geldig is en dat daar nie wesenlike wanvoorstelling plaasgevind het nie

11.15 **"VERHAALBARE UITGAWES"** beteken die aankoopkoste van kontrakdokumente en die koste van tik, dupliseer, druk- en bindwerk van dokumente en tekeninge buiten korrespondensie en waardasies vir betalingsertifikate

Indien met die kliënt ooreengekom, sluit verhaalbare uitgawes ook enige ander kostes soos regsgelde en gelde vir ander deskundiges, koerierdienste en internasionale kommunikasies in

11.16 **"ELEKTRIESE INGENIEURSWERK"** beteken elektriese installasies en instrumentasie buiten **elektriese installasies inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk**

11.17 **"ELEKTRIESE INSTALLASIES INBEGREPE BY EN ONDERGESKIK AAN BOUWERK"** is soos in 11.25 omskryf

11.18 **"INGENIEURSWERKHOEVEELHEIDSLYSTE"** beteken hoeveelheidslyste, voorlopige hoeveelheidslyste of skedules van tariewe wat met betrekking tot die volgende gedokumenteer is:

11.18.1 Siviele ingenieurswerk, wat ooreenkomstig die meetmetode soos vervat in die SABS 1200 Standaardspesifikasie vir Siviele Ingenieurskonstruksiewerk, deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde gepubliseer, gedokumenteer is of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke meetmetode vir siviele ingenieurswerk

11.18.2 Elektriese, meganiese of prosesingenieurswerk, in ooreenstemming met enige toepaslike meetmetode

11.19 **"GELDE"** beteken die vergoeding ten opsigte van dienste wat deur 'n bourekenaar in privaatpraktyk gelewer word, ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief bereken. Die gelde sluit **BTW** uit

11.20 **"FINANSIËLE GANGBAARHEIDSTUDIES"** beteken finansiële gangbaarheidstudies en ander voorontwerpstudies waarby ekonomiese ondersoeke en waardering van 'n projek betrokke is

11.21 **"BRUTO JAARLIKSE VERGOEDING"** beteken:

11.21.1 Basiese salaris en gewaarborgde jaarlikse bonus

11.21.2 Byvoordele nie in basiese salaris ingesluit nie

11.21.3 Inkomstevoordeel vir die privaatgebruik van 'n motorvoertuig deur die werkgewer voorsien, soos van tyd tot tyd deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens vir inkomstebelastingsdoeleindes vasgestel

11.21.4 Werkgewer se bydrae tot pensioen-/voorsieningsfonds

11.21.5 Werkgewer se bydrae tot mediese hulpfonds

11.21.6 Werkgewer se bydrae tot groeplewensversekeringspremies

11.21.7 Skadeloosstellingfonds- en Werkloosheidsversekeringsfondsbydraes, Metropolitaanseraadheffings en enige ander statutêre bydraes of heffings

11.21.8 Alle ander kostes en voordele volgens die aanstellingsvoorwaardes, maar uitsluitende enige winsdeling en oortydbetaling

11.22 **"LOKALITEITSVERWYSENDE HOEVEELHEIDSLYSTE"** beteken hoeveelheidslyste wat deur die kliënt vereis word om in blokke, elemente, funksies of ander lokaliteite ingedeel te wees

11.23 **"GEMETE WERK"** beteken werk gemeet vir insluiting in hoeveelheidslyste of 'n finale rekening en sluit die volgende uit:

11.23.1 Werk oorspronklik voorlopig gemeet, insluitende begrotingstoelatings en voorlopige bedrae

11.23.2 Verstellings waarby die vervanging van materiaal sonder bykomende meetwerk betrokke is

11.23.3 Enige toepaslike kontrakprysaanpassings

11.23.4 Voorbereidsels of enige verstelling daarvan

11.23.5 Gebeurlikhede

11.24 **"MEGANIESE INGENIEURSWERK"** beteken meganiese installasies buiten **meganiese installasies inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk**

11.25 **"MEGANIESE EN ELEKTRIESE INSTALLASIES INBEGREPE BY EN ONDERGESKIK AAN BOUWERK"** word tot die volgende beperk:

11.25.1 Lugversorging en meganiese ventilasie

11.25.2 Stoomketeltoerusting

11.25.3 Vervoerstelsels

11.25.4 Elektriese en elektroniese installasies

11.25.5 Gas- en druklugstelsels

11.25.6 Verbrander- en saamperseenhede

11.25.7 Wasserytoerusting

11.25.8 Hysbakke, hysertoestelle en roltrappe

11.25.9 Pomptoerusting

11.25.10 Verkoelingsinstallasies

11.25.11 Spesialisbrandopsporings- en brandvoorkomingsinstallasies, insluitende-sprinkelblusinstallasies

11.25.12 Stoominstallasies

11.25.13 X-straal- en sterilisasietoerusting

11.26 **"VEELVULDIGE VERKRYGINGSKONTRAKTE"** beteken **bouwerk** of ingenieurswerk wat by wyse van tenminste 10 onderkontrakte uitgevoer word met aparte dokumentasie en verwante dienste vir elk van die onderkontrakte en waar die finale waarde van sodanige onderkontrakwerk insluitende enige aanpassingsbedrag ingevolge enige toepaslike kontrakprysaanpassingsbepaling 40 persent van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** oorskry. Let wel dat die proporsionele waarde van die hoofaannemer se voorbereidsels nie by die waarde van die onderkontrakte bygevoeg moet word wanneer die voorgaande 40 persent bereken word nie

11.27 **"BETALINGSWAARDASIES"** beteken die besigtiging van 'n kontrak wat aan die gang is, afneem van besonderhede en die opstel van waardasies vir doeleindes van die uitreiking van tussentydse betalingsertifikate van 'n kontrak waarvan die bourekenaar nie verkrygingsdokumentasie opgestel het nie

11.28 **"PRESTASIEGRONDSLAGHOEVEELHEIDSLYSTE"** beteken hoeveelheidslyse, voorlopige hoeveelheidslyste of skedules van tariewe vir werk sodanig ontwerp om deur middel van geïndustrialiseerde of onkonvensionele boustelselmetodes uitgevoer te word en ooreenkomstig die Handleiding vir die Opstel van Tenderdokumente gebaseer op Prestasiegrondslag, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, gedokumenteer is of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke handleiding vir die opname van prestasiegrondslagverkrygingsdokumentasie

11.29 **"PROSESINGENIEURSWERK"** beteken prosespypwerk, vloeibeheerstelsels en toerusting wat met prosesaanlegte verband hou

11.30 **"PROJEKADMINISTRASIE"** (hoofagentskap) beteken die administrasie van die konstruksieprosesse namens 'n kliënt vanaf die aanvang tot by voltooiing

Projekadministrasie sluit, onder andere, die volgende in:

11.30.1 Reël, woon by en stel notules van vergaderings op

11.30.2 Berei kontrakdokumente voor vir ondertekening en sien toe dat dit in veilige bewaring gehou word

11.30.3 Stel vas of alle versekering, waarborge, ens bewerkstellig is

11.30.4 Reël vir die oorhandiging van die perseel en wys perseelpenne, grensbakens en hoogtemerkte aan die aannemer uit

11.30.5 Benoem en selekteer onderaannemers ooreenkomstig die konstruksie-ooreenkoms

11.30.6 Neem in ontvangs en gee aandag aan kennisgewings wat ooreenkomstig die konstruksie-ooreenkoms bestel is

11.30.7 Reik instruksies, betalingsertifikate, finansiële state en sertifikate van voltooiing, wat deur andere voorberei is, uit en lig belanghebbendes in met betrekking tot die stand van hulle betrokkenheid

11.30.8 Beslis oor enige verlenging van die konstruksietydperk en enige boetes

11.30.9 Besleg geskille, buiten dié wat na bemiddeling, arbitrasie en litigasie verwys word

11.31 **"PROJEKBESTUUR"** beteken die bestuur van die algehele proses benodig vir die verkryging van die ontwerp en die konstruksie van 'n projek namens die kliënt, vanaf ontvangs van die opdrag tot na die inbedryfstelling en okkupasie, met inagneming van die kliënt se vereistes ten opsigte van estetika, gehalte, koste, tyd, ens

Projekbestuur sluit, onder andere, die volgende in:

11.31.1 **Projekadministrasie**

11.31.2 Ontvang opdrag in hooftrekke van en stel vas wat die kliënt se vereistes is

11.31.3 Adviseer die kliënt aangaande die noodsaaklikheid vir konsultante en maak aanbevelings

11.31.4 Onderhandel en kom indiensnemingsvoorwaardes ooreen met sodanige verkose konsultante

11.31.5 Ontvang finale opdrag van en ontleed die kliënt se vereistes in detail

11.31.6 Sien toe dat statutêre toestemmings verkry word

11.31.7 Stel programme vir alle voorkontrak- en kontrakaktiwiteite op, monitor vordering en pas die program aan soos nodig

11.31.8 Bepaal die aard, bywoning en voorsitterskap van vergaderings en reik sakelyste en notules uit

11.31.9 Win namens die kliënt advies aangaande die verskillende versekeringsvereistes en/of waarborge in en sien toe dat diegene van wie vereis word om sodanige versekering en/of waarborge te bewerkstellig, dit wel doen

11.31.10 Adviseer die kliënt oor die tipe kontrak en die metode van aannemerseleksie in oorleg met die konsultante

11.31.11 Reël vir kortlyste van tenderaars, die oopmaak van tenders en kredietkontrolering, koördineer tenderverslae en maak aanbevelings aan die kliënt

11.31.12 Stel 'n raamwerk daar vir monitering van vordering, handhaaf finansiële bestuur en doen gereeld aan die kliënt verslag

11.31.13 Koördineer inspeksies en oorhandigings, sien toe dat die inbedryfstelling van die gebou en dienste behoorlik onderneem word en verkry toetssertifikate, soos-geboutekeninge, onderhoudshandleidings en waarborge

11.32 **"PROJEKMONITERING"** beteken die uitvoering van 'n waarnemingsopdrag en finansiële monitering van die projek namens die kliënt

Projekmonitering sluit, onder andere, die volgende in:

11.32.1 Ontvang aanstelling/opdrag van die kliënt om sy vereistes vas te stel en adviseer aangaande onderskeie optredes en prosedures ten einde aan die besondere vereistes van die projek te voldoen

11.32.2 Gee toeligting aangaande beramings van projekkoste en finansiële gangbaarheidstudies deur ander voorberei en voorsien sodanige ander kosteadvies soos redelikerwys verlang mag word

11.32.3 Gee toeligting aangaande geldevoorstelle deur konsultante voorgelê

11.32.4 Gee toeligting aangaande verkrygingsprosedures en dokumentasie voor aanvra van tenders of aanknoop van onderhandelinge

11.32.5 Gee toeligting aangaande tenderverslae en aanbevelings

11.32.6 Gee toeligting aangaande kontrakdokumentasie, insluitende gepryste hoeveelheidslyste waar van toepassing, voor ondertekening van die kontrak

11.32.7 Gee toeligting aangaande onderkontrakverkrygingsprosedures en -dokumentasie voor aanvra van tenders of aanknoop van onderhandelinge

11.32.8 Gee toeligting aangaande tenderverslae en aanbevelings vir onderkontrakte

11.32.9 Gee toeligting aangaande finansiële verslae en kontantvloeiskedules

11.32.10 Adviseer die kliënt aangaande tussentydse en finale betalingsertifikate voor uitreiking daarvan

11.32.11 Woon bestuurs-/finansiële vergaderings by

11.32.12 Gee toeligting aangaande die finansiële en kontraktuele aspekte van eise tussen die kliënt en die aannemer, buiten dié wat na bemiddeling, arbitrasie en litigasie verwys word

11.32.13 Adviseer die kliënt aangaande die aanvaarbaarheid van die finale rekening

11.33 **"GEHALTE-INSPEKSIE"** beteken die inspeksie van die werk met tussenposes soos toepaslik geag ten einde te bepaal en verslag te doen aldan dit oor die algemeen ooreenkomstig die tekeninge en spesifikasies uitgevoer word. Gehalte-inspeksie sluit spesifiek die inspeksie van meganiese en elektriese installasies, strukturele werk en ander spesialisinstallasies of werk waarvoor inspeksies deur spesialiskonsultante uitgevoer word, uit

Gehalte-inspeksie waarborg geensins die aannemer se prestasie nie en gehalte-inspeksie bring ook nie 'n kontraktuele verbintenis tussen die bourekenaar en die aannemer tot stand nie

11.34 **"OPKNAPPINGSWERK"** beteken werk in verband met die opknapping van bestaande geboue soos skoonmaak-, skilder- en muurplakwerk en sluit aanverwante kleiner herstelwerk in, maar sluit **verbouingswerk** uit

11.35 **"HERHALING"** beteken die herhaling van 'n individuele afsonderlike gebou of struktuur binne 'n kontrak, of van 'n vorige kontrak en is slegs van toepassing wanneer die totale hoeveelhede in alle ambagte of die totale koste van die prototipe geredelik in die verkrygingsdokumentasie met die getal individuele afsonderlike geboue of strukture vermenigvuldig kan word, die bedoeling synde dat geringe verskille en werk voorlopig gemeet in die finale rekening verstel sal word

Individuele onderskeibare geboue of strukture, selfs al is hulle nie losstaande nie, maar wat op 'n gemeenskaplike podium of aparte substruktuur mag voorkom, moet as herhaling beskou word

11.36 **"DIENS A"** beteken die beraming- en koste-adviesstadium, wat vir die dienste wat in kolom 2 tot 5 en 8 van 2.3 en 2, 3 en 5 van 2.4 gelys is in hooftrekke insluit:

11.36.1 Ontvangs van aanstelling/opdrag van die kliënt en advisering aangaande onderskeie optredes en prosedures ten einde aan die besondere vereistes van die projek te voldoen

11.36.2 Voorsiening van finansiële ontwerpnorme-advies

11.36.3 Voorbereiding van voorlopige en omvattende beramings van konstruksiekoste en verskaffing van sodanige ander koste-advies soos wat redelikerwys vereis mag word voor aanvang van **Diens B**

11.37 **"DIENS B"** beteken die dokumentasie- en verkrygingstadium, wat vir die dienste wat in kolom 2 tot 5 en 8 van 2.3 en 2, 3 en 5 van 2.4 gelys is in hooftrekke insluit:

11.37.1 Opstel van dokumente vir verkryging van konstruksiekontrakte. Diens B sal geag word voltooi te wees afgesien daarvan of die dokumente vir verkryging van onderkontrakte reeds opgestel is al dan nie

11.37.2 Aanvra van tenders of onderhandeling van die konstruksiekoste met 'n aannemer

11.37.3 Finansiële evaluasie en verslaglewering van tenders, insluitende finansiële vergelyking met begroting

11.37.4 Nagaan van en verslaglewering aangaande tenders vir onderkontrakte, insluitende vergelyking daarvan met die begroting

11.37.5 Voorbereiding van verwagte kontantvloeiskedules

11.38 **"DIENS C"** beteken die kontrakadministrasiestadium, wat vir die dienste wat in kolom 2 tot 5 en 8 van 2.3 en 2, 3 en 5 van 2.4 gelys is in hooftrekke insluit:

11.38.1 Nagaan en verifikasie van gepryste dokumente, insluitende die voorbereiding daarvan vir inlywing by die ondertekende kontrak

11.38.2 Voorbereiding van die verkrygingsdokumentasie vir onderkontrakte waar sodanige verkrygingsdokumentasie nie in **Diens B** afgehandel is nie

11.38.3 Nagaan van en verslaglewering aangaande tenders vir onderkontrakte, insluitende vergelyking daarvan met die begroting

11.38.4 Voorbereiding van verwagte kontantvloeiskedules

11.38.5 Bywoning van vorderingsvergaderings op perseel met tussenposes soos redelikerwys deur die aard en omvang van die projek vereis en ten einde te verseker dat kennis geneem word van kontraktuele aangeleenthede en aangeleenthede wat koste beïnvloed

11.38.6 Bywoning van ander vergaderings met tussenposes soos redelikerwys deur die aard en omvang van die projek vereis

11.38.7 Voorbereiding van waardasies vir die uitreiking van betalingsertifikate, insluitende die berekening, evaluering of verifikasie van skommelinge van koste van toepassing op die kontrak

11.38.8 Voorbereiding op 'n pro-aktiewe grondslag van kosteberamings vir voorgestelde wysigings vir die kliënt se besluitneming

11.38.9 Instandhouding op 'n maandelikse grondslag van 'n deurlopende finansiële bestuursverslag en monitering daarvan vergeleke met die finansiële begroting

11.38.10 Voortgaan met die voorbereiding van die finale rekening

11.38.11 Uitspraak gee en geskille besleg aangaande die finansiële en kontraktuele aspekte van eise tussen die kliënt en die aannemer, buiten die wat na bemiddeling, arbitrasie en litigasie verwys word

11.39 **"DIENS D"** beteken die finale rekeningstadium, wat vir die dienste wat in kolom 2 tot 5 en 8 van 2.3 en 2, 3 en 5 van 2.4 gelys is in hooftrekke insluit:

11.39.1 Bepaling en ooreenkom van alle wysigings en verstellings vir insluiting in die finale rekening

11.39.2 Ooreenkom en finalisering van alle onderkontrakte en verstelling van voorlopige bedrae daarvoor toegelaat

11.39.3 Afhandeling van die finale rekening, insluitende skommelinge in koste (indien van toepassing)

11.39.4 Voorbereiding en voorlegging van die finale rekening aan die kliënt, insluitende enige nodige rekonsiliasie en verduideliking vergeleke met die finansiële begroting

11.40 **"WERK OP RISIKO"** beteken dienste gelewer op die grondslag dat, onderhewig aan 4.0, geen **gelde** gevorder sal word vir sodanige dienste tensy daar met die projek voortgegaan word nie

11.41 **"VEREENVOUDIGDE HOEVEELHEIDSLYSTE"** beteken hoeveelheidslyste, voorlopige hoeveelheidslyste of skedules van tariewe wat ooreenkomstig die Standaardstelsel vir die Opname van Klein of Eenvoudige Geboue, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer of in ooreenstemming met enige ander soortgelyke vereenvoudigde stelsel vir die opname van bouwerk gedokumenteer is

11.42 **"TEIKENVERKRYGING"** beteken inlywing in die kontrakdokumentasie van 'n regstellende deelnemingsteiken soos deur die kliënt vir die teiken van regstellende besigheidsondernemings of ondernemings met vroulike aandeeleienaarskap op prima kontrakvlak vasgestel, die meet van sleuteldeelnemingsaanwysers om in die beoordeling van tenders en die oudit van nakoming deur beide die aannemer en/of die professionele konsultante gedurende die uitvoering van die kontrak gebruik te word, alles in ooreenstemming met die bepalings van die Hulpbronspesifikasies vir die Implementering van Teikenverkryging soos deur die Departement van Openbare Werke kragtens hulle regstellende verkrygingsbeleid gepubliseer, of ander soortgelyke bepalings soos wat deur die kliënt aangevra mag word

11.43 **"HUURDERSVEREISTES"** beteken die evaluering van huurdersvereistes wat aparte verrekeninge vir elke huurder behels

.

11.44 **"WAARDE VIR GELDEBEREKENINGSDOELEINDES"** beteken die finale waarde van die kontrak, of 'n billike beraming indien geen finale waarde beskikbaar is nie, waarby 11.44.1 tot 11.44.5 ingesluit word:

11.44.1 Behoudens 11.44.9, die waarde van alle arbeid en materiaal, ongeag of dit gratis verskaf is al dan nie, met dien verstande dat waar materiaal gratis verskaf word en die waarde van sodanige materiaal onbekend is of nie openbaar gemaak word nie, sodanige waarde teen heersende marktariewe op datum van tender beraam moet word

11.44.2 Enige krediet vir materiale afkomstig van die bestaande strukture wat die eiendom van die aannemer word, welke kredietbedrag as 'n byvoeging en nie as 'n aftrekking nie, toegepas moet word

11.44.3 Die waarde van alle spesialistedienste en -installasies wat 'n integrale deel van die kontrak uitmaak, insluitende dienste wat deur voorlopige bedrae vir onderkontrakte en/of kosprysbedrae gedek word

11.44.4 Enige aanpassingsbedrag ingevolge enige toepaslike kontrakprysaanpassingsbepaling wanneer dit vir betaling aan die aannemer gesertifiseer is

11.44.5 Behoudens 11.44.6, belastings en aksyns

en waarby 11.44.6 tot 11.44.10 van die finale waarde van die kontrak uitgesluit word

11.44.6 **BTW**

11.44.7 Enige bedrag wat vir gebeurlikhede toegewys is

11.44.8 Die waarde van werk, normaalweg buite die omvang van die werk deur die aannemer uitgevoer en van die kontrak uitgesluit, ten opsigte waarvan daar nie van die bourekenaar vereis word om 'n diens te verrig nie

11.44.9 Ten opsigte van ingenieurskontrakte, alle kostes vir voorsiening van groot items ten opsigte van permanente werktuig, toerusting en masjinerie

11.44.10 Ten opsigte van **bouwerk**, die finale waarde van enige **meganiese en elektriese installasies inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk** en van enige **siviele ingenieurswerk inbegrepe by en ondergeskik aan bouwerk** ten opsigte waarvan daar van die bourekenaar vereis word om slegs 'n mindere diens (waarvoor tydvordering toepaslik is) of geen diens te verrig buiten die insluiting in die betrokke dokumentasie van inligting deur andere verskaf, welke finale waarde ook enige bedrae voortspruitend uit kontrakprysaanpassingsbepalings moet insluit maar enige bedrae vir wins en bystand aan die hoofaannemer en enige toedeling van die waarde van voorbereidsels moet uitsluit

11.45 **"WAARDEBESTUUR"** beteken die fasilitering van 'n sistematiese multi-dissiplinêre skeppende proses om alternatiewes daar te stel met die oogmerk om die funksionele en ekonomiese waarde van 'n projek te optimaliseer en, in die geval van 'n kommersiële ontwikkeling, die wins op die belegging te verhoog

11.46 **"BTW"** beteken Belasting op Toegevoegde Waarde ooreenkomstig die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet 1991 (Wet 89 van 1991)